# Graad 4: Ons spesiale Erfenisdag

## Kwartaal 3: Weke 1-4

Hoe kan ons groep 'n puik Erfenisdag beplan om ons verskillende kulture ten toon te stel en ons gemeenskap te inspireer om van mekaar se kulture te leer?

Ons groep: ______________________________________________

______________________________________________


***Hou boek van hoe jy en jou groep vorder. Merk aan die einde van elke stap die blokkie as jy tevrede is.***

| Les en Datum | Wat doen ek? | Regmerkie |
|---|---|---|
| **Les 1:** Datum: ____________ | **Les Een: Die Reënboognasie-avontuur.** Maak gereed om die wêreld van die Reënboognasie te verken! In hierdie les sal jy jou gedagtes deel oor wat 'n reënboognasie so spesiaal maak, en 'n boeiende storie vol belangrike lewenslesse lees. | |
| **Les 2:** Datum: ____________ | **Les Twee: Staan saam, Kultuurverkenners!** Gaan op 'n fantastiese reis om jou klasmaats se unieke kulture te ontdek! In hierdie les sal julle onderhoude met mekaar voer om fassinerende ooreenkomste en verskille onder julle vriende uit te lig. Laat die kultuurverkenningstog begin! | |
| **Les 3:** Datum: ____________ | **Les Drie: Partytjiebeplanners vir Erfenisdag.** Sit jou partytjiebeplannershoed op en werk saam om wonderlike idees vir jul Erfenisdagviering uit te dink. In hierdie les span julle as vriende saam om vorendag te kom met skeppende en opwindende maniere om jul uiteenlopende kulturele agtergronde te gedenk. | |
| **Les 4:** Datum: ____________ | **Les Vier: Kies die Perfekte Partytjie-idees.** Werk in hierdie les saam om die heel beste idees vir jul Erfenisdagviering te kies! Span saam met jou vriende om die prettigste en mees betekenisvolle maniere te kies om jul unieke kulture te vier. | |
| **Les 5:** Datum: ____________ | **Les Vyf: Deel Idees en Voortreflike Terugvoer.** In hierdie les deel julle jul ongelooflike idees met ander groepe en ontvang waardevolle terugvoer om jul Erfenisdagviering nog beter te maak! Leer by jul medeleerders en kry nuwe insigte om jul planne te verbeter. | |
| **Les 6:** Datum: ____________ | **Les Ses: Verfyn die Erfenisdagmeesterstukke.** Gebruik die terugvoer van jul vriende en verfyn jul idees in hierdie les! Dink na oor die voorstelle wat julle gekry het, maak veranderings waar nodig, en trek weg om 'n onvergeetlike Erfenisdaggeleentheid te skep. | |
| **Les 7:** Datum: ____________ | **Les Sewe: Aksieplanne vir 'n Skouspelagtige Erfenisdag.** In hierdie finale les word planne uitgevoer! Skep 'n aksieplan in detail om jul Erfenisdagviering aan die gang te kry, en maak gereed om 'n fantastiese dag vol vreugde, lesse, en kultuurwaardering te geniet. | |
| **Les 8:** Datum: ____________ | **Die openbare voorlegging:** Maak gereed om Erfenisdag te vier, pret te hê en oor jou hele ondervinding na te dink. | |

# Les 1: Werkblad 1

| Naam: | Klas: | Datum: |
|---|---|---|

Skryf in die borreldiagram hieronder al die kulture neer waarvan jy weet. Voeg borrels by as jy wil.




Vra nou 'n vriend om jou te help om nog borrels in te vul. Help jou vriend om meer borrels by te voeg indien nodig.

**10 - 15 Minute**

"Hoe kan ons 'n besonderse interkulturele dag beplan?" Hoofprojekvraag. Verduidelik die konsep van 'n "Reënboognasie" op 'n kreatiewe wyse.

Moedig leerders aan om idees duidelik te deel – interpersoonlike kommunikasie is 'n belangrike vaardigheid wat ook verband hou met sosiale interaksie in die Engelse akroniem Ⓢ P E C I A L

Gaan na Projekoorsig op bladsy 8.

# Les 1: Werkblad 2



Die onderwyser sal Aamiina se storie vir die leerders lees

Bespreek in groepe die vrae oor Aamiina se storie.

| | | |
|---|---|---|
| Naam: | Klas: | Datum: |
| My Kultuur: | Tydsduur: 10 minute | |

| |
|---|
| a. Waarom dink jy was die graad 4's so bang vir en agterdogtig oor Aamiina? |
| b. Is Aamiina anders as jy? Gee redes vir jou antwoord. |
| c. Hoe dink jy het Aamiina by die nuwe skool gevoel? |
| d. Dink jy hierdie situasie gebeur dikwels? Gee redes vir jou antwoord. |
| e. Dink jy hierdie tipe situasie het selfs by jou skool gebeur? |
| f. Hoe dink jy het dit Aamiina oor haar kultuur laat voel? |
| g. Wat het jy uit hierdie storiel geleer? |



**10 - 15 minute**

Lees Amiina se storie met bewegings, handgebare en uitdrukkings. Probeer dit opvoer. Vra die klas om op gelukkige of hartseer oomblikke te reageer met 'n gelukkige of hartseer gesig.

Hierdie is 'n aktiwiteit vir nadenke – hoe klasmaats onvriendelik/naar kan wees. Gaan na bladsy 8 en 9 in Onderwysernotas en bylae 2 bladsy 39. Dek kommunikasie, kritiese denke en S P E ⒸⒾA L

# Les 2: Werkblad 1

| Naam: | Klas: | Datum: |
|---|---|---|



Werk in klein groepies of pare:

Vertel ons hoe jou kultuur van ander verskil deur jou kultuur met ander te vergelyk. Deel eers idees.

Skryf 'n kultuurgroep bo-aan die eerste ry blokkies neer.

Voltooi al die blokkies deur kos, klere, en musiek en dans te vergelyk.

**WAT WEET EK VAN VERSKILLENDE KULTURE?**

| | | | |
|---|---|---|---|
| KOS | | | |
| KLERE | | | |
| MUSIEK/ DANS | | | |



**10 minute**

Sosiale interaksie en nuuskierigheid (social interaction and curiosity) in ⓈPEⒸIAL word aangespreek.

Beweeg rond en ondersteun die gesprekke. Moedig nuuskierige vrae aan, en vra elke leerder om 'n vraag te vra.

Gaan na Onderwysernotas bladsy 12 en 13

# Les 2: Werkblad 2



**Onderhoud:**

| Naam: | Klas: | Datum: |
|---|---|---|

Vraagsteller se Naam: ________________________________

Ek het vrae gestel aan: ________________________________ Kultuurgroep: ________________________

Vrae:

| | Vrae | Antwoorde |
|---|---|---|
| 1.1 | Van watter taalgroep is jy? | |
| 1.2 | Verduidelik asseblief die klere wat jou kultuur dra. | |
| 1.3 | Noem twee van jou gunsteling kosse. | 1. |
| | | 2. |
| 1.4 | Wat is jou gunsteling kulturele liedere? Noem twee | 1. |
| | | 2. |
| 1.5 | Wat is jou gunsteling kulturele danse? Noem twee | 1. |
| | | 2. |
| 1.6 | Noem twee kulturele gebeurtenisse wat jou kultuur vier | 1. |
| | | 2. |
| 1.7 | Verduidelik in 3 hoofwoorde hoe jou kulturele gebeurtenisse gehou word. | |
| 1.8 | Wanneer vind jou kulturele gebeurtenisse plaas? | |



**10 - 15 minute**

Verduidelik/vertaal die vrae. Laat 'n tweetalige leerder saamwerk met een wat minder selfvertroue het.

Hierdie aktiwiteit dek kommunikasie en samewerking en die volgende in ⓈⓅⒺⒸ I ⒶⓁ

Maak notas oor wat jy in die paarwerk waarneem. Gaan na bladsy 11 in jou Onderwysernotas

# Les 3: Werkblad 1 (Huiswerk)

| | | |
|---|---|---|
| Naam: | Klas: | Datum: |
| My Kultuur: | | |

Huiswerk: Kies 'n tema en teken 'n sirkel rondom jou keuse of kleur dit in bv. my kulturele kos

- Tema 1: Vier kultuur deur kos.
- Tema 2: Vier kultuur deur musiek/dans/kuns/drama.
- Vra jou gesin om met inligting te help.

**My Kulturele Kos**

| Naan van my kulturele kos | Resep van die kulturele dis wat ek gekies het. |
|---|---|
| 1. | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| 2. | |
| | |
| | |
| | |
| | |

**My Kulturele Musiek of Dans of Kuns of Drama**

| Naam van my kulturele Musiek of Dans of Kuns of Drama | Hoe my ons my gunstelling dans of drama uitvoer. |
|---|---|
| 1. | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| 2. | |
| | |
| | |
| | |
| | |



**Huiswerk**


Verduidelik die taak deeglik. Leerders bring inligting oor hul eie kultuur terug ter voorbereiding vir die groepaktiwiteit in Les 3.

Aktiwiteit moedig primêre navorsing en outonomie aan, asook ⓈⓅⒺⒸⒾⒶⓁ

Kommunikasie, kritiese denke en samewerking word ook ontwikkel.

# Les 3: Werkblad 2 Resepteboek/Dans, drama, musiek

1. Praat oor wat jy by die huis oor jou kultuur uitgevind het.
2. Kies as groep ‘n kultuur en besluit op kos of kunste (musiek, dans, drama, kuns).
3. Vul jou keuse in die klein sirkel in bv. Zoeloe-resepteboek. Voltooi die sirkeldiagram.
4. Jou onderwyser sal na die groep toe kom om jou idees te hoor.



‘n Goeie geleentheid om kommunikasie en samewerking waar te neem asook al die vaardighede in ⓈⓅⒺⒸⒾⒶⓁ

Gaan na Ondersywernotas bladsy 15

# Les 4: Werkblad 1



"Wat sal ons op Erfenisdag aanbied?" Resepteboek of kunsopvoering (musiek, dans of drama)? Onderstreep jou groep se keuse.

Gee vir elk van jou idees 'n "Ja" of "Nee" vir elk van die onderstaande kriteria:

| IDEE | Weerspieël en vier die idee die verskillende kultuur-tradisies wat in die skool verteen-woordig word? Ja/Nee | Sal ander leerders van die idee hou? Sal hulle dit koop? Ja/Nee | Is die idee kreatief en interessant? Ja/Nee | Is die idee realisties en prakties om uit te voer? Kan ons dit doen? Ja/Nee | Kan hierdie idee vir ons geld maak? Ja/Nee |
|---|---|---|---|---|---|
| **Idee 1** | | | | | |
| **Idee 2** | | | | | |
| **Idee 3** | | | | | |
| **Idee 4** | | | | | |
| **Idee 5** | | | | | |
| **Idee 6** | | | | | |



**10 - 15 minute**

Leerders deel verskillende idees en antwoord ja of nee.

Idees word ontleed en die beste idee word gekies.

Bevorder Ⓢ Ⓟ E Ⓒ Ⓘ Ⓐ Ⓛ asook kommunikasie, samewerking en kritiese denke.

Gaan na bladsy 20 en 21 in die Projekoorsig.

# Les 5 en Les 6: Werkblad 1



Deel die beste idees.

Luister na een groep se idee en kies ‘n gesiggie vir ...

| | Ja beslis! | Nie so seker nie! | Moet verbeter |
|---|---|---|---|
| Die aanbieder | 🙂 | 😐 | 🙁 |
| Het duidelik gepraat sodat ons almal kon hoor | 🙂 | 😐 | 🙁 |
| Was vol selfvertroue | 🙂 | 😐 | 🙁 |
| Die aanbieding was interessant en van toepassing op die beplande geleentheid | 🙂 | 😐 | 🙁 |
| Die program dek alle gapings en is goed georganiseer | 🙂 | 😐 | 🙁 |
| 1. Waarvan ons gehou het aan die opvoeringsprogram | __________ | | |
| 2. Wat ingesluit of verander kan word om die program beter te maak | __________ | | |
| 3. Waarvan ons gehou het aan die spyskaart | __________ | | |
| 4. Wat ingesluit of verander kan word om die spyskaart beter te maak | __________ | | |
| 5. Wat was die interessantste en heel anders oor die groep se aanbieding? | __________ | | |



**15 minute**

1. Twee groepe werk saam.
2. Na een groep se aanbieding, bespreek die ander groep dit en ken ‘n telling aan die eerste groep toe.
3. Albei groepe beoordeel mekaar se aanbiedings. Afhangende van die keuse wat die groep gemaak het, sal of 1 en 2 of 3 en 4 beantwoord word.
4. Vra dat die klas materiaal van die huis af bring om hul geleentheid meer opwindend te maak. As hulle die resepprojek gekies het, moet elkeen die resep se metode bring om die resepteboek saam te stel.

## Les 7: Werkblad 1 (Skep 'n aksieplan)

| Groep se Naam | Klas: | Datum: |
|---|---|---|
| Groeplede: | | |

**Stap 1:**

**Stap 2:**

**Stap 3:**

**Finale Stap**



**10 - 15 minute**

1. Verduidelik die aksieplan stap vir stap.
2. Beweeg tussen groepe om Ⓢ Ⓟ E C I Ⓐ Ⓛte ondersteun.
3. Kommunikasie, samewerking, kritiese denke en kreatiwiteit word geaktiveer
4. Gaan na die Projekoorsig bladsy 31 en 32.

# Les 7: Werkblad 2 (Hulpbronne)

| **AKSIEPLAN VIR:** | | |
|---|---|---|
| Name van die groep: | Datum: | Klas: |
| | | |
| Doelwitte (wat ons wil bereik):<br>1. | | |
| 2. | | |
| **Aksiestappe (wat ons moet doen)** | | |
| **Aktiwiteite** | **Hulpbronne<br>(wat ons sal nodig hê)** | **Verantwoordelike persoon** |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |

**Uitgebreide geleenthede:**

- Leerders skep plakkate om hul geleentheid te adverteer.

# GRAAD 4: ONS SPESIALE ERFENISDAG

**GRAAD 4 ASSESSERINGSRUBRIEK**

**Ons vier ons reënboognasie: wat kan ons van verskillende kulture leer om 'n spesiale feesviering vir Erfenisdag te beplan?**

| **KRITERIA**<br>Hoe weet ons dat leerders dit baasgeraak het? | **9-10**<br>**Bemeester** | **7-8**<br>**Vorder goed** | **5-6**<br>**Ontwikkel** | **3-4**<br>**Leer** | **1-2**<br>**Begin** |
|---|---|---|---|---|---|
| **Kennis van Kulture in Suid-Afrika (KABV-inhoud)**<br>In watter mate het die leerders,deur die identifisering, beskrywing, verduideliking en evaluering, begrip van verskillende kulture getoon? | Leerders kan die belangrikheid van kulturele diversiteit en inklusiwiteit in Suid-Afrika **evalueer** en maniere identifiseer om ons **reënboognasie** te vier en te respekteer asook eenheid en verdraagsaamheid onder diverse groepe te bevorder. Leerders kan ook praktiese en realistiese maniere voorstel om almal welkom te laat voel. | Leerders kan verskillende aspekte van kulture vergelyk en kontrasteer en die verskille en ooreenkomste van kulturele praktyke soos musiek en dans van verskillende Suid-Afrikaanse kutuurgroepe identifiseer.<br>Hulle is ook in staat om die voordele of sterkpunte van ons **reënboognasie** uit te ken. | Leerders kan verduidelik waarom kulturele items, soos tradisionele klere of voedselitems, vir verskillende Suid-Afrikaanse kulture belangrik is. Leerders kan aan ander mense **verduidelik** wat die konsep **reënboognasie** beteken. | Leerders kan basiese kulturele items, soos tradisionele klere of voedselitems uit verskillende Suid-Afrikaanse kulture **beskryf**, insluitend kleure, vorms, teksture en smake. Leerders toon **begrip** van die term **reënboognasie**. | Leerders kan basiese kulturele items, soos tradisionele klere of voedselitems, uit verskillende Suid-Afrikaanse kulture **identifiseer**, en herken dit as deel van 'n bepaalde kultuur.<br>Leerders herken die term **reënboognasie** maar kan nog nie die konsep aan ander mense verduidelik nie. |
| ***Navorsing:*** in watter mate het leerders inligting ingesamel en onderhoude gevoer; hulle bevindinge ontleed en uiteengesit; hulle idees getoets en die feesviering beplan? | Leerders kan genoegsame inligting insamel. Korrekte en relevante inligting is ontleed. Daar is bewyse van skitterende beplanning. Bevindinge is korrek uiteengesit. | Leerders kan inligting insamel. Relevante inligting is ontleed en bevindinge is ontleed en korrek gerangskik.<br>Daar is bewyse van beplanning maar daar kan verbeter word. | Leerders kan genoegsame inligting insamel. Inligting is ontleed en uiteensetting van bevindinge voldoen nie aan die kategorie nie. Beplanning is gedoen maar moet verbeter word. | Leerders samel onvoldoende inligting in. Inligting is ontleed en 'n paar bevindinge is gerangskik. Beplanning is gedoen maar nie voltooi nie. | Leerders is nie in staat om inligting uit onderhoude in te samel nie/inligting is onvoldoende. Leerders kan nie hul bevindinge ontleed en rangskik nie. Leerders sukkel om beplanning te doen. |

**GRAAD 4 ASSESSERINGSRUBRIEK**

**Ons vier ons reënboognasie: wat kan ons van verskillende kulture leer om 'n spesiale feesviering vir Erfenisdag te beplan?**

| **KRITERIA**<br>Hoe weet ons dat leerders dit baasgeraak het? | **9-10**<br>**Bemeester** | **7-8**<br>**Vorder goed** | **5-6**<br>**Ontwikkel** | **3-4**<br>**Leer** | **1-2**<br>**Begin** |
|---|---|---|---|---|---|
| **Vier leerders se kulturele kosspyskaarte of kulturele optrede kulturele diversiteit as gevolg van effektiewe navorsing en 'n opvallende aanbieding?** | Die spyskaart/ vertoningsprogram toon buitengewone kulturele diversiteit en lewer bewys van intensiewe navorsing en begrip. Die groep se navorsing en beplanningswyse is omvattend, goed georganiseerd en lewer bewys van uitstekende spanwerk. Die aanbieding van die spyskaart/vertoning is hoogs kreatief, visueel opvallend en vier kulturele diversiteit op 'n onvergeetlike wyse. | Die spyskaart/ vertoningsprogram lewer bewys van 'n deurdagte en goed nagevorsde verskeidenheid voedselitems/musiek/ dansvertonings uit verskeie kulture. Die groep se navorsings- en beplanningsproses is deeglik en toon duidelike samewerking onder lede. Die aanbieding van die spyskaart/ vertoning is kreatief en dra die kulturele diversiteit van die Erfenisdag-fees effektief oor. | Die spyskaart/ vertoningsprogram sluit 'n diverse verskeidenheid voedselitems/musiek/ dansvertonings in wat verskillende kulture verteenwoordig. Die groep se navorsing en beplanningswyse is georganiseerd en toon begrip. Die aanbieding van die spyskaart/vertoning is visueel aantreklik en vir 'n Erfenisdag-fees toepaslik. | Die spyskaart/ vertoningsprogram sluit 'n paar voedselitems/ musiek/ dansvertonings van verskillende kulture in, maar kan by groter verskeidenheid baat. Die groep se navorsing en beplanningswyse is teenwoordig maar kort meer diepte of organisasie. Die aanbieding van die spyskaart/ vertoningsprogram toon 'n mate van moeite maar kan verbeter word. | Die spyskaart/ vertoningsprogram sluit net 'n paar voedselitems of musiek/ dansvertonings in, en kulturele diversiteit is nie duidelik nie. Die groep se navorsing en beplanningswyse is minimaal of onduidelik. Die aanbieding van die spyskaart/ vertoningsprogram getuig nie van kreatiwiteit of moeite nie. |
| Kommentaar/terugvoer | | | | Totale punte | /30 |

# Punte Kontrolelys

**Les 1: Werkblad 1 en 2**

**WAT IS REËNBOOGNASIE?**

| | Beskrywers vir Onderwyserkontrolelys | Ja | Nee |
|---|---|---|---|
| 1. | Is die borreldiagram gebruik om verskillende kulture in Suid-Afrika aan te toon? | | |
| 2. | Het die leerder nog kulture en sirkels bygevoeg? | | |
| 3. | Kon die groep al die vrae beantwoord? | | |
| 4. | Gegrond op die antwoorde, verstaan leerders die morele les van die storie? | | |
| 5. | **Totale getal:** | | |

**Les 2: Werkblad 1**

**WAT WEET EK VAN VERSKILLENDE KULTURE**

| | Beskrywers vir Onderwyserkontrolelys | Ja | | | Nee |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. | Het leerders drie verskillende kulture in elke blok aangedui? | 1 | 2 | 3 | |
| 2. | Kon leerders die korrekte kos/kossoorte van 'n bepaalde kultuur aantoon? | 1 | 2 | 3 | |
| 3. | Kon leerders die klere van verskillende kulture noem? | 1 | 2 | 3 | |
| 4. | Kon leerders verskillende kulturele musiek noem? | 1 | 2 | 3 | |
| 5. | **Totale getal: (12)** | | | | |

**Les 2: Werkblad 2 en Les 3: Werkblad 1**

**ONDERHOUDVRAE**

| | Beskrywers vir Onderwyserkontrolelys | Ja | | Nee |
|---|---|---|---|---|
| 1. | Het leerders die onderhoud probeer voer? | | | |
| 2. | Is al die vrae beantwoord? | | | |
| 3. | Leerder het twee kulturele resepte tuis ingesamel | 1 | 2 | |
| 4. | Het die leerder aangedui hoe kulturele musiek/dans/drama uitgevoer word? | | | |
| 5. | **Totale getal: (5)** | | | |

**Les 3: Werkblad**

**ONS MAAK GEREED OM ONS GELEENTHEID TE BEPLAN**

| | Beskrywers vir Onderwyserkontrolelys | Ja | Nee |
|---|---|---|---|
| 1. | Dui die sirkel die kultuur aan wat die groep gekies het? | | |
| 2. | Die grootste sirkel toon korrekte kulturele kos/ musiek/dans/drama | | |
| 3. | Was daar genoeg voorstelle? | | |

**Les 4, 5 en 6: Werkblad 1**

**ONS KIES EN DEEL ONS BESTE IDEES, HERHAAL DIE DINKWERK EN VERBETER ONS IDEES**

| | Beskrywers vir Onderwyserkontrolelys | Ja | Nee |
|---|---|---|---|
| 1. | Ons kon ons idees in volgorde van voorkeur rangskik | | |
| 2. | Ons het al die vrae oor ons idees beantwoord | | |
| 3. | Ons het ons idees aan die ander groep voorgelê | | |
| 4. | Ons het die terugvoer oor ons voorlegging bespreek | | |
| | **Totale getal: (4)** | | |

**Les 7: Werkblad 1 en 2**

**SKEP 'N AKSIEPLAN**

| | Beskrywers vir Onderwyserkontrolelys | Ja | Nee |
|---|---|---|---|
| 1. | Het die groep die stappe op logiese wyse neergeskryf? | | |
| 2. | Het die groep al hul planne uiteengesit, met hulpbronne en verantwoordelike persoon aangetoon? | | |
| 3. | Is die kulturele resepteboek ontwerp? | | |
| 4. | Het die groep die feesprogram vir die kulturele dag ontwerp? | | |
| | **Totale getal: (4)** | | |

# Vaardighede Raamwerk

| ***Het die projek vir _______________ (naam van leerder) gehelp om sy/haar vaardighede to ontwikkel?*** | **Ja** | **Nee** |
|---|---|---|
| **Kritiese denke** is die vermoë om vrae te vra ten einde die wêreld beter te verstaan, om van inligting sin te maak, om die inligting te evalueer en om die inligting met ander inligting te verbind.<br>• Was daar 'n verskil in die leerder se kritiese denkvaardighede aan die begin van die projek in vergelyking met sy/haar denke aan die einde?<br>• Het die leerder vrae gevra?<br>• Het die leerder relevante en toepaslike inligting verkry, geëvalueer en dit toegepas om 'n probleem op te los?<br>• Kon jy agterkom dat die leerder se denkvaardighede ontwikkel het?<br>KOMMENTAAR: Wat het jy nog waargeneem? _______________<br>_______________ | | |
| **Kreatiwiteit en Innovering** is die vermoë om veelvuldige idees te genereer en dit realisties toe te pas om oplossings vir probleme te vind<br>• Het die leerder se kreatiewe innovering gegroei deur die loop van die projek?<br>• Was daar 'n verskil in die leerder se kreatiewe denkvaardighede aan die begin van die projek in vergelyking met sy/haar kreatiwiteit en innovering aan die einde?<br>• Het die leerder idees genereer en oplossings gesoek?<br>• Het die leerder sy/haar kennis en ondervinding aangewend om oplossings te vind?<br>• Het jy 'n verskil in die leerder se kreatiewe innoveringsvaardighede waargeneem?<br>KOMMENTAAR: Wat het jy nog waargeneem? _______________<br>_______________ | | |
| **Samewerking:** wanneer mense saamwerk om 'n taak te voltooi. Dit sluit die volgende in: samewerking en spanwerk en die deel van idees om 'n gemeenskaplike doelwit te bereik.<br>• Het die leerder sy/haar vermoë om met ander saam te werk deur die loop van die projek ontwikkel? Was daar 'n verskil in sy/haar samewerking as jy die begin en die einde van die projek vergelyk?<br>• Het die leerder bewys gelewer van 'n vermoë om te skik, om ander se menings in ag te neem en om positief te bly in 'n konfliksituasie?<br>• Het die leerder by die sterkpunte van ander gebaat? (Het die span hulle hulpbronne in terme van kennis en vaardighede saamgevoeg?)<br>• Was die leerder gewillig om te luister, empatie te toon en om nuttige terugvoer te gee en van die span te ontvang?<br>• Het die leerder se samewerkingsvaardighede toegeneem?<br>KOMMENTAAR: Wat het jy nog waargeneem? _______________<br>_______________ | | |
| **Kommunikasie:** is die uitdeel van inligting. Dit sluit in wat ons sê, (verbale kommunikasie) asook hoe ons dit sê (nie-verbale kommunikasie).<br>• Het die leerder sy/haar vermoë om nie-verbale leidrade soos stemtoon en lyftaal te gebruik deur die loop van die projek ontwikkel?<br>• Was daar 'n verskil in hoe die leerder gekommunikeer het aan die begin van die projek in vergelyking met sy/haar kommunikasie aan die einde van die projek, bv. minder gemompel, 'n toepaslike stemtoon gebruik, teen die regte spoed gepraat?<br>• Het jy 'n verandering waargeneem in die leerder se vermoë om dinge uit 'n ander persoon se perspektief te sien?<br><br>KOMMENTAAR: Wat het jy nog waargeneem? _______________<br>_______________ | | |

# Die verhaal van die "Weg-is-Jy"-meisie

Dit is die eerste dag van die derde Kwartaal. Al die graad 4's is opgewonde om terug by die skool te wees. Ons staan buite ons klas in die ry, en al vra ons onderwyseres, Me Mbete, ons om te "sjoesj", is daar baie gefluister en gegiggel terwyl ons vakansiestories deel. Toe lui die eerste klok en ons stap die klas in en gaan sit op ons plekke.

Me Mbete gaan die register na om te sien wie is teenwoordig. "Sindiswa, Enzo, Kgatliso, Xolale, Andile, Kgopotso, Zanele, Aamiina... Aamiina..." Me Mbete herhaal die naam, maar niemand antwoord nie. Ons ken nie eers iemand met dié snaakse naam nie. Terwyl ons rondkyk vir hierdie Aamiina, stap die prinsipaal in met 'n nuwe leerder agterna. "Graad 4's", sê sy, "dit is Aamiina. Sy is nuut hier in die omgewing en by ons skool. Laat haar asseblief welkom voel." In geskokte stilte staar ons na die nuweling wat so anders lyk. Ten eerste het sy net 'n kosblik by haar – geen skooltas nie. Waar is haar boeke? Tweedens is daar haar snaakse klere. Sy dra 'n skoolromp, maar dit is so lank dat dit tot op die grond hang. Haar langmouskoolhemp se moue is toegeknoop al is dit so warm. Oor haar kop en skouers is 'n serp gedraai sodat mens amper nie haar hare en gesig kan sien nie.

Me Mbete glimlag vir haar. "Sit asseblief by daardie bank," sê sy en wys na 'n leë sitplek. Aamiina stap daarheen en gaan sit stilweg. Sy kyk af na die bank terwyl ons haar almal aangaap. "Haal julle pennesakkies en Lewensvaardigheidboeke uit en laat ons begin," sê ons onderwyseres. Ons begin almal regmaak vir die les, maar nie Aamiina nie. "Sy het nie 'n boeksak, of boeke, of selfs 'n pennesakkie nie," fluister ons verwonderd vir mekaar. Wie is hierdie meisie, en waar kom sy vandaan?

Die klok lui vir pouse en Me Mbete vra of Aamiina by my en Sindiswa kan sit. "Ja juffrou," sê ons, maar hardloop dadelik uit omdat ons nie by haar wil sit nie. Uit ons skaduplekkie onder die boom hou ek en Sindiswa die nuwe meisie versigtig dop. Ons sien hoe sy haar kosblik oopmaak en 'n soort ... pannekoek uithaal. Met rys? Waar is haar toebroodjies?

Na pouse was ons hande en gaan terug klas toe. Dit is my gunsteling deel van die dag – storietyd wanneer Me Mbete vir ons wonderlike stories voorlees. Ons sit almal gemaklik en die storie begin. Na 'n paar minute steek Sindiswa haar hand op en sê: "Juffrou, Juffrou, die nuwe meisie luister nie saam nie." Me Mbete hou op lees en ons almal se oë draai na die nuwe meisie. Om nie te luister nie is nou maar een reël wat jy nie in hierdie klas verbreek nie! "Wat maak jy?" vra Me Mbete. "Jy – nuwe meisie – wat maak jy?" Aamiina kyk nie eens op nie. Sjoe, nou gaan daar groot moeilikheid wees. Me Mbete stap na Aamiina toe en sien dat sy na 'n kaartjie sit en kyk. Die onderwyseres vat dit by haar, gee die nuwe meisie 'n streng, kwaai kyk en sit die kaartjie op haar eie tafel neer.

Soos een mens kyk ons na die kaartjie. Wat is dit? Met tweede pouse kry ons 'n kans om uit te vind. Me Mbete is nie in die klas nie en die deur is oop. Andile en Zanele sluip die klas binne en gryp die kaartjie. Daar is die een of ander geskryf en geteken op, maar ons het nog nooit so iets gesien nie. Is dit 'n towerspreuk? Is die nuwe meisie 'n heks? Nou raak ons bang. "Sy moet weg," sê ons. "Weg is jy, meisie. Ons soek haar nie hier nie. Sy kan gevaarlik wees." Vir die res van die dag vermy ons die Weg-is-Jy-meisie en bly so ver as moontlik van haar af weg.

Later die middag toe ek sit en huiswerk doen, kom my ma huis toe met die nuus dat die spazawinkel nuwe eienaars het, met die grootste nuus dat hulle Somaliërs is. Dit trek my aandag. "Is daar 'n dogter?" vra ek. "Ja," sê my ma, "dis 'n pa en sy dogter. Ek weet nie of daar 'n ma of enige ander familie is nie."
"So dit moet die nuwe meisie wees," dink ek by myself, bly dat ek ten minste deel van die raaisel opgelos het.

Die volgende oggend brand ek om die nuus oor te dra. "Raai wat", sê ek vir almal wat ek sien. "Die nuwe meisie is 'n Somaliër. Sy bly saam met haar pa by die spazawinkel." Die nuus vlieg die skool vol. "Sy's 'n Somaliër, sy's 'n Somaliër, sy's 'n Somaliër."

Oor die volgende paar weke verloor ons belangstelling in die nuwe meisie en ignoreer haar. Ons hou nie van haar kos en haar klere nie, ons verstaan haar nie, en ons probeer nie eens nie. Die Weg-is-Jy-meisie word soos 'n skaduwee, tot een ongelooflike dag toe alles verander het.

## Die verhaal van die “Weg-is-Jy”-meisie (vervolg)

Dit was laatmiddag en my ma het vergeet om sout te koop. Die winkels is ver weg en sy vra my om gou na die Somali’ërs se spazawinkel te draf en ‘n pakkie te koop. Toe ek daar aankom, was daar niemand by die toonbank nie – dit het gelyk of die spaza leeg was. Ek het ‘n paar minute gewag en toe oor die toonbank na die agterkant van die winkel geloer. Die eerste ding wat ek gesien het, was die Weg-is-Jy-meisie wat op haar pa se skoot sit. Sy het saggies gehuil en trane het oor haar wange gerol. Haar pa het haar vasgehou en saggies van heen en weer gewieg. Hy het so hartseer gelyk. Teen die muur bokant hulle was ‘n foto van ‘n jong vrou wat so baie na Weg-is-Jy-meisie gelyk het dat dit haar ma moes wees. Om hulle nie te pla nie het ek op my tone uit die winkel geloop en huis toe gehardloop. Voordat my ma nog kon raas omdat ek nie sout gekoop het nie, het ek in trane uitgebars en haar die hele storie vertel: van die meisie wat nie soos ons was nie, vir wie ons geïgnoreer het, maar nou het ek geweet sy het nie ‘n ma nie en sy is so hartseer en ons het niks daaraan gedoen nie.

Net soos Aamiina se pa met haar op sy skoot gesit en wieg het, het my ma my op haar skoot getel, gewieg en getroos tot ek ophou huil het.

Iets moes gedoen word! Ek kon daardie nag nie slaap nie en het aanhou dink aan ‘n plan om Aamiina te help.

Die volgende dag het ek my onderwyseres die storie vertel, en sy het besef daar was ‘n probleem wat ons moes oplos. ‘n Paar dae later het sy ‘n plan gehad. Ons sou ‘n dag reël met die tema “Laat jou vriend se vlag wapper”.  Toe Me Mbete die plan verduidelik, was ons almal SO opgewonde. Ons moes twee-twee werk en alles oor ons vriend uitvind. Aamiina se pa het die plan aan haar verduidelik, en ek en sy het op die ou end saamgewerk. Ons het so baie vrae gevra, soos watter taal word by die huis gepraat? En ons was verbaas oor hoeveel verskillende tale daar net in ons klas was. Ons het uitgevind van eetgoed en drinkgoed wat vir ons kulture belangrik was. Ons het gevra oor godsdienste en waar mense aanbid. Ons het gevra oor ons gunsteling vakansiedae en feeste en hoe dié dae herdenk word. Ons het ons tradisionele drag skool toe gebring en verduidelik wanneer ons dit dra en hoekom dit vir ons belangrik is. Ons het verskillende tipes musiek gebring en geleer om mekaar se liedjies te sing. Dit was die beste week ooit!

Nadat ons al hierdie ongelooflike kulturele feite ontdek het, moes ons ‘n pragtige vlag oor ons vriend maak wat hy of sy met trots kon vertoon.

Op die dag van die groot feesviering was party ouers gaaf genoeg om tradisionele kulturele disse te maak. Met opening die oggend het ons twee-twee voor gaan staan, vlae geruil en ons unieke vlae omhoog gehou om ons kultuur met trots te vertoon. Verskillende kleure, verskillende woorde, verskillende kos, klere en godsdienste – soveel verskille, maar almal ewe mooi.

Die prinsipaal was na aan trane. “Graad 4’s”, het sy gesê, “julle is so jonk, maar julle het ons ‘n baie belanagrike les geleer: om trots te wees op jou kultuur en ander se kulture te vier. Ek sluit af met die wyse woorde van ‘n gesiene man, Kofi Annan. Ons mag wel verskillende godsdienste, verskillende tale, vel van verskillende kleure hê, maar ons behoort almal aan een mensdom.”